health
Department of Health
FREE STATE PROVINCE

# HANDLEIDING VAN DIE VRYSTAAT DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

## INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING (WET NO.2 VAN 2000)

**Tydperk van boekjaar:** 2016/2017

Compiled by: Deputy Information Officer: Mr. MJ Finger
Telephone: 051-4081483
Fax: 051-4081761

# Inhoudsopgawe

1. Inleiding
2. Adresse
3. Beskrywing van die handleiding soos na verwys word in Artikel 10.
4. Beskrywing van die strukture en funksies.
5. Proses vir die versoek om toegang tot ‘n rekord, beskrywing van die onderwerpe waarop die VSDG rekords hou en katogorieë van rekords gehou oor elke onderwerp.
6. Katogorieë van rekords wat beskikbaar is sonder dat ‘n persoon toegang versoek ingevolge hierdie Wet.
7. Beskrywing van dienste beskikbaar aan lede van die publiek.
8. Reëlings ingevolge Artikel 14 (1) (g).
9. Regsmiddels beskikbaar ten opsigte van ‘n wet of die versuim om op te tree deur die VSDG.
10. Beskikbaarheid van die Handleiding

## 1. INLEIDING

Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting bepaal dat dit ingestel is om uitvoering te gee aan die grondwetlike reg tot inligting wat gehou word deur die Staat of enige ander instelling wat nodig is vir die beskerming of afdwinging van enige reg.

Hierdie handleiding is voorberei ingevolge Artikel 14 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 om voldoening met die Wet deur die Vrystaat Departement van Gesondheid te verseker (soos hierin verwys as die VSDG)

## 2. ADRESSE

Die Hoof Kantoor van die VSDG is geleë by:

a) Posadres:

PO Box 227
Posbus 227
Bloemfontein
9300

b) Straatadres:
Bophelo Huis
Hoek van Harveyweg en Charlotte Maxekestraat
Bloemfontein
9300

c) Inligtingsbeampte:

Dr. D Motau
Tel: 051 408 1108
Faks: 051 408 1950
E-pos: motaud@fshealth.gov.za

d) Adjunkinligtingsbeampte:
Mr. MJ Finger

Tel: 051 408 1483
Faks: 051 408 1761
E-pos: fingermj1@fshealth.gov.za

## 1. BESKRYWING VAN DIE GIDS SOOS NA VERWYS IN ARTIKEL 10

Die Menseregtekommissie het ‘n gids saamgestel oor hoe ‘n person wat enige reg wil beoefen soos beoog in die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligtingom dit moet doen.

Die gids is beskikbaar op die webtuiste van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (www.sahrc.org.za) en verduidelik die proses om ‘n versoek in te dien, wat verwag word van die inligtingsbeampte of die openbare liggaam, waneer toegang tot inligting wettiglik geweier word en wat gedoen kan word waneer versoeke geweier word teenstrydig met die bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting deur die Inligtingsbeampte of Adjunkinligtingsbeampte van die Openbare Liggaam.

## 2. FUNKSIE EN STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT

**MISSIE EN VISIE**

**VISIE**

Toenemende lewensverwagting deur gesondheidstelsel doeltreffendheid, bestuur stelsel verandering en om volhoubare gehalte dienste te verseker.

**MISSIE**

Deur die skep van 'n waardegedrewe instelling wat operasionele doeltreffendheid en aanspreeklikheid prent in die lewering van doeltreffende verlangde uitkomste.

## STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT

Die VSDG1 staan onder die leierskap van die Lid van die Uitvoerende Raad en die Hoof van Departement en is verdeel in die volgende takke:

## PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

**Doel:** Die doel van die Program is om algehele bestuurs- en administrasie ondersteuning te lewer aan die Departement.

**Program 1 bestaan uit die volgende sub-programme:**

- Kantoor van die LUR
- Bestuur

### Kantoor van die LUR

Die kantoor van die LUR lewer ondersteuning aan die LUR

### Bestuur

Die bestuursubprogram van die administrasie: Program 1 dek die volgende direktorate en hoofdirektorate: Kantoor van die HVD en VSDG-uitvoerende bestuur en ondersteuning; strategiese ondersteuning Monitering en Evaluasie, Gesondheidsinligtingbestuur en Navorsing, Menslike Hulpbronbestuur, Voorsieningskettingbestuur, Mediese Depot en Batesbestuur, Inligting, Kommunikasie en Tegnologie, Aptekersdienste, Veiligheids Administratiewe Dienste, Skakelwese, Kommunikasie en Dienstebemarking en Spesiale Programme (Geslag, getsremdheidbestuuren jeug ontwikkeling)

## Programm 2: Distrik Gesondheidsdienste (DGD)

### Doel van die Program

Hierdie Program is verantwoordelik vir die lewering en vestiging van die Distrik Gesondheidsdienste. Die Program voorsien Distrikbestuur, Gemeenskapgesondheidsklinieke, Gemeenskapsgebaseerde Dienste, MIV/VIGS, Voeding en Distrikshospitale.

***Program 2 bevat die volgende sub-programme:***

- Distrikbestuur
- Gemeenskap Klinieke en Gemeenskapgesondheidsentrums
- Distrikhospitale
- MIV/VIGS, SOS en TB Beheer
- (Voeding)Moederlik, Kinder en Vrouegesondheid
- Siektebeheer
- Forensiese Patalogiesedienste

**PROGRAM 3: MEDIESE NOODDIENSTE**

**Doel van die program**

Die doel van Program 3 is om Mediese Redding, Kliniese - en Vervoerondersteuning te voorsien om te verseker dat die pasiente vining gestabiliseer en vervoer word om die sorg wat hulle nodig het in die kortste moontlike tyd te kry.

**Beskrywing van die Program**

Hierdie program bestaan uit die volgende sub-programme:

- Noodvervoer
- Beplande pasiëntevervoer

**Die dienste wat gelewer word sluit in:**

- Voor-Hospitaal noodsorg
  Vinnige Noodreaksiedienste
  Reddingsdienste
  Ambulansdienste
  Lugvaart Mediese Dienste

- Inter-fasiliteit mediese sorg en -vervoer
- Beplande Pasiëntevervoerdienste
- Ramp Reaksie Bestuur

**PROGRAM 4: PROVINSIALE HOSPITAALDIENSTE**

**Doel van die program**

Die doel van die program is die algehele bestuur, monitering en lewering van vlak 2 en psigiatriese dienste in die Vrystaat, gebaseer op distrikgesondheidstelsel.

***Program 4 bestaan uit die volgende sub-programme***

- **Algemene Hospitale:**

  Die gehalte van gesondheidsdienste te verbeter

  Verseker voldoening van nasionale kernstandaarde en vereistes om te kwalifiseer vir (NGV?) akkreditasie

  Om moeder- en kindersterftes te verminder

- **Psigiatriese /Geestegesondheidhospitale:**

  Voorsien toepaslike en toegangklike dienste aan die Vrystaatse Gemeenskap

  Die gehalte van gesondheidsdienste te verbeter

**PROGRAM 5: SENTRALE HOSPITAALDIENSTE**

**Doel van die Program**

Die doel van Program 5 is om Vlak III en IV têrsiëredienste in die Provinsie Vrystaat asook opleiding, opvoeding, navorsingdienste en dienslewering van die mediese skool en ander skole in die fakulteit te bestuur, te monitor, te organiseer en te lewer.

Dit bevat die volgende sub-programme:

- Sentrale Hospitaaldienste (Universitas Akademiese Hospitaal)
- Publieke- Private Venootskap
- Provinsiale Tersiêre Dienste.

**PROGRAM 6: GESONDHEIDSWETENSKAPPE EN OPLEIDING**

**Doel van die program**

Die program is hoofsaaklik verantwoordelik om opleiding aan die Nood Mediese en Verpleegpersoneel te verskaf (Primêre Gesondheidsorgopleiding ingesluit), asook vir die bevordering van navorsing en ontwikkeling van gesondheidstelsels.

**Program 6 bestaan uit 5 sub-programme:**

- Verpleeg Opleiding Kolleges
- Nood Mediese Opleiding Kolleges
- Beurse
- Primêre Gesondheidsorg Opleiding
- Opleiding, Ander.

**PROGRAM 7: GESONDHEIDSORG-ONDERSTEUNINGSDIENSTE**

**Die doel van die program**

Die doel van die program is om ondersteuningsdienste te lewer soos benodig deur die Departement om sy doelwitte te bereik.

**Program 7 bestaan uit die volgende programme:**

- Wasserye
- Ortotiese- en Prostetiesedienste
- Mediese (*MEDPAS*) Handel Rekening

**PROGRAM 8: GESONDHEIDSFASILITEITEBESTUUR**

**Die doel van die program**

Die program is verantwoordelik vir die voorsiening van voldoende gesondheidfasiliteite en infrastruktuur.

**Program 8 bestaan uit 3 sub-programme:**

- Gemeenskapsgesondheidsfasiliteite
- Distrikhospitaaldienste
- Provinsiale Hospitaaldienste

**INSTANSIES WAT ONDER DIE DEPARTEMENT VAL**

Streekshospitale

1. Bongani Streekshospitaal
2. Boitumelo Streekshospitaal
3. Dihlabeng Streekshospitaal
4. Mofumahadi Manapo Mopeli Streekshospitaal

Tesiêre Hospitale

1. Pelonomi Hospitaal

1. Universitas Akademiese Hospitaal

Distrikhospitale/Komplekse

1. Elizabeth Ross Distrikhospitaal
2. Katleho / Winburg Distrikshospitaal

3. Metsimaholo / Parys Distrikshospitaalkompleks
4. Phekolong / Nketoana Distrikshospitaalkompleks
5. Thebe / Phumelela Distrikshospitaalkompleks
6. Thusanong / Nala / Mohau Distrikshospitaalkompleks
7. Tokollo / Mafube Distrikhospitaalkompleks
8. Moroka / Mantsopa Distrikshospitaal
9. Botshabelo Distrikshospitaal
10. Phuthuluha / Itemoheng/ DJ Newberry Hospitaalkompleks
11. Embekweni / Stoffel Coetzee Hospitaalkompleks
12. Diamant Distrikhospitaal
13. National Distrikhospitaal

Gespesialiseerde Hospitale

Vrystaat Psigiatriese Kompleks

Ander Strukture

Vrystaat Kollege vir Noodsorg

Gemeenskapgesondheidsorgssentrums en -klinieke

Vrystaat Skool vir Verpleegkunde

Mediese depot

Wasserydienste

**Rade**

Hospitaalrade

Hersieningsraad vir Geestesgesondheid

Raad van Vrystaat Skool vir Verpleegkunde

Senaat van Vrystaat Skool vir Verpleegkunde

Raad van Vrystaat Kollege van Noodsorg

Senaat van Vrystaat Kollege vir Noodsorg

**PROSES VIR DIE VERSOEK OM TOEGANG TOT 'N REKORD, BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAAROOR DIE VSDG DIE REKORDS HOU EN DIE KATEGORIEË VAN REKORDS GEHOU OOR ELKE ONDERWERP.**

Proses vir die versoek om toegang tot 'n rekord ingevolge Regulasie 6

'n Aansoeker moet toegang verleen word tot 'n rekord van 'n openbare liggaam indien hy/sy voldoen aan die prosedurele vereistes in die Wet en die toegang tot die rekord nie geweier word op enige gronde van weiering genoem in die Wet. Enige versoek vir toegang tot 'n rekord wat nie outomaties beskikbaar is nie moet ingedien word deur die voltooiing en indiening van die Toegangversoekvorm (Vorm A) aan die Adjunkinligtingsbeampte van die VSDG.

Enige versoek (uitsluitend 'n persoonlike aansoeker) moet vergesel word deur 'n bewys van betaling van die aanvanklike nie-teugbetaalbare aansoekgelde ten bedrae van R35.00 soos gewysig van tyd tot tyd ingevolge die Regulasies.

Indien ‘n versoek vir toegang toegestaan word sal van die aansoeker vereis word om die reproduksie of toegangsfooi te betaal, soos bereken in ooreenstemming met die regulasies uitgereik ingevolge die Wet op Toegang tot Inligting en die aansoeker sal in kennis gestel word van die wyse waarop toegang verleen sal word en sal ook voorsien word met die kennisgewing dat die versoeker ‘n appêl kan indien by LUR en indien ontevrede is ‘n aansoek by die hof indien teen die betaling van die toegangsgelde en die prosedure vir die indiening van die aansoek.

Indien die versoek vir toegang nie toegestaan is nie, sal die aansoeker in kennis gestel word oor sodanige redes en sal ook in kennis gestel word dat hy/sy mag ‘n aansoek indien by die hof teen die weiering van die versoek asook die prosedure.

Aansoekers sal in kennis gestel word binne 30 dae oor die ontvangs van die voltooide Toegangsaansoekvorm of die aansoek toegestaan is of nie, behalwe as die tydperk verleng is ingevolge die Wet.

Betalings moet gemaak word in die bankrekening van die VSDG, met die volgende besonderhede:

**Bank**: Standard Bank

**Tipe rekeninig: Tjek**

Rekeninghouer: FSPG: Departement van Gesondheid

**Rekeningnommer:** 240 323 165

Takkode: 0555 3400

Naam van tak: Brandwag Tak

Verwysing : 3800000 Van en voorletter van die aanvraer

Appèl

Die aanvraer mag ‘n appèl indien teen die uitkoms en proses met die Lid van die Uitvoerende Raad en indien nie tevrede ‘n aansoek bring by ‘n hof.

Rekordonderwerpe en Kategorieë (Artikel 14)

Die volgende is van toepassing:

| BESKRYWING VAN REKORDS WAT NIE OUTOMATIES BESKIKBAAR IS NIE EN WAT TOEGEPAS KAN WORD INGEVOLGE DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING. |
|---|
| • Notules van alle vergaderings (bestuur, personeel, komitees en rade)<br>• Werknemerindiensnemingrekords<br>• Alle mediese rekords<br>• Ambulansrekords<br>• Kontrakte, diensvlakooreenkomste en transversale kontrakte<br>• Ondersoek- en dissiplinêre verslae<br>• Boddokumente en ander voorsieningsketting dokumente<br>• Interne voorleggings, omsendbriewe en dokumente<br>• Leerder / studente akademiese uitslae<br>• Alle registers (i.e. bates, verlies, skenking en besoeker-toegangsbeheer)<br>• Nadoodse verslae<br>• Gesondheidhulplyn verslae<br>• Nasionale Anti-korrupsie hulplynverslae<br>• Presidensiële hulplynverslae<br>• Privaathospitaal lisensie-aansoeke<br>• Privaathospitaal inspeksieverslae |

**Kategorieë van rekords beskikbaar sonder dat ‘n persoon toegang versoek ingevolge die wet op bevordering van toegang tot inligting.**

Die minister moet ingevolge Artikel 15 (2) die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting ‘n kennisgewing van rekoreds wat outomaties beskikbaar isin die Staatskoerant publiseer.

| BESKRYWING VAN KATEGORIEË VAN REKORDS OUTOMATIES BESKIKBAAR INGEVOLGE ARTIKEL 15 (1) (A) VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 | WYSE VAN TOEGANG TOT REKORDS (B.V. WEBTUISTE) (ARTIKEL 15 (1) (B) |
|---|---|
| **VIR INSPEKSIE INGEVOLGE ARTIKEL 15 (1)(A)(I):** | |
| • Departementele beleide, wetgewing en regulasies<br>• Jaarverslae<br>• Strategiese planne (Jaarlikse Prestasie Planne)<br>• Indiensnemingsgelykheidsplanne<br>• Diensbillikheidsverslae<br>• Menslike hulpbronbestuurplan<br>• Hofbesluite<br>• Arbitrasietoekenings<br>• Die departement se Kontakbesonderhede<br>• Departementele of Regeringsvorms<br>• LUR-toesprake en -begrotingspos<br>• Nuusbriewe, plakkate en publikasies<br>• Gesondheidspamflette<br>• Klantetevredenheidstatistieke en -verslae<br>• Statistieke oor griewe ingedien<br>• Bedingingsraadresolusies<br>• Medianavrae en -antwoorde<br>• Gesondheidsriglyne<br>• Standaard bedryfsprosedure<br>• Lys van nie-regeringsorganisasies wat met die departement werk. | • Die rekords mag nagegaan word nadat 'n reëling getref is met die Adjunkinligtingsbeampte en/ of beskikbaar was deur www.fshealth.gov.za te besoek. |

| VIR DIE AANKOOP INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 15 (1)(A)(II): | |
|---|---|
| • Duplikaat kwalifikasiesertifikate<br>• Standaard operasionele prodedures vir die Vrystaat Kollege van Noodsorg | • Deur dit aan te vra deur die Hoofde van Skole van Verpleging en die Kollege van Noodsorg en teen betaling van gelde deur die kolleges. |
| **VIR KOPIËRING INGEVOLGE ARTIKEL 15(1)(A)(II):** | |
| • Studente se eie akademiese rekords of uitslae.<br>• Departementele beleide en regulasies<br>• Jaarverslae<br>• Strategiese Planne (Jaarlikse Prestasie Plan)<br>• Indiensnemingsgelykheidsplanne<br>• Die departement se kontakbesonderhede<br>• Departementele vorms<br>• LUR toesprake<br>• Nuusbriewe, plakkate en publikasies<br>• Gesondheidspamflette<br>• Bedingingsraadresolusies<br>• Medianavrae en -antwoorde<br>• Gesondheidsriglyne<br>• Standaard bedryfstelselprosedures | • Vir akademiese rekords moet die betrokke skool- of kollegehoof gekontak word.<br>• Die rekords kan verkry word op skriftelik versoek aan die Adjunkinligtingsbeampte en by betaling van die voorgeskrewe gelde. Alternatiewelik, kan dit afgelaai word by www.fshealth.gov.za waar van toepassing. |
| **GRATIS BESKIKBAAR INGEVOLGE ARTIKEL 15(1)(A)(III):** | |
| • Kolleges Brosjure<br>• Kolleges prospektus<br>• Kontakbesonderhede<br>• LUR Toesprake<br>• Nuusbriewe, plakkate en Publikasies<br>• Gesondheid pamflette en plakkate | • Deur die Skole van Verpleging en Kollege van Noodsorg of die Departement te besoek en dit by Ontvangs te versoek |

**BESKRYWING VAN DIE DIENSTE BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK EN HOE OM TOEGANG TOT HIERDIE DIENSTE TE VERKRY**

Die dienste gelewer deur die VSDG is gesondheidsorgdienste wat beskikbaar is by die Streeks-en Distrikhospitale, die klinieke en ander fasiliteite soos na verwys in Paragraa f 4 hierbo.

**REëLINGS INGEVOLGE ARTIKEL 14(1)(G) VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING (PUBLIEKE BETROKKENHEID BY DIE FORMULERING VAN BELEID)**

Waneer besluite geneem word deur die VSDH, sal die VSDH voldoen aan die bepalings van die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid en ~~laat~~ persone wie se regte geraak word toelaat om vertoë te rig (m.a.w.. openbare verhore of kennisgewing en kommentaarprosedure) voordat ‘n besluit geneem word deur die VSDH.

**REGSMIDDELS BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN ‘N OPTREDE OF VERSUIM OM OP TE TREE DEUR DIE VSDH.**

Indien ‘n aanvraer nie tevrede is met die uitslag van sy/haar versoek vir toegang tot inligting, mag hy/ sy ‘n appêl by die LUR indien en daarna ‘n geregshof nader nadat interne regsmiddels uitgeput is.

Enige sodanige optrede of versuim om op te tree, moet onder die aandag van die uitvoerende gesag gebring word, by gebreke aan ‘n oplossing; dit mag aangemeld word by enige van die instellings genoem in hoofstuk 9 van die Grondwet van Suid-Afrika  en die Staatsdienskommissie, waar toepaslik.

## BYWERKING EN BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

Die handleiding sal, indien nodig, bygewerk word by tussensposes van nie langer as ‘n jaar in ooreenstemming met die vereistes van die Wet.

Die handleiding is beskikbaar soos voorgeskryf deur die Wet op Pliglewering en is beskikbaar op die webtuiste van die FSDOH (www.freestateonline.fs.gov.za) en ingedien ~~aan~~ by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie.

**Slegs vir kantoorgebruik**

**Goedkeuring van hierdie handleiding deur die hoof van die Departement:**

**Datum:** ____________________________

**Handtekening:** ____________________________

Compiled by: Deputy Information Officer: Mr. MJ Finger
Telephone: 051-4081483
Fax: 051-4081761